
Republiek — en by gevolge ook die Oranje-Vrystaat — isoleer deur 'n ring van Britse gebiede daaromheen te trek. Toe dit nie ten volle slaag nie, loods hulle die Jameson-inval, wat eweneens misluk. Hierdie voorval het die Afrikaner-nasionalisme nog verder aangeblaas en die twee Boererepublieke nader aan mekaar gebring. Van nou af het die Uitlander-stemregkwessie sterk op die voorgrond getree en hoewel Kruger, ook op aandrang van Steyn, telkens toegegee het, het dit die imperialistiese Milner en Chamberlain nie bevredig nie. Uiteindelik het die republieke besef dat dit nie om die stemreg gaan nie, maar om die onafhanklikheid self. Met die Anglo-Boere-oorlog veg die twee Boererepublieke sy aan sy en kry ook hulp van Kaapse en Natalse Afrikaners, maar na 'n moedige stryd van byna drie jaar verdwyn die Boererepublieke met die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902. Suid-Afrika was nou geheel en al onder die Britse vlag.

**Die Republiek van Suid-Afrika**

Met die Vrede van Vereeniging is alle republieke van die Suid-Afrikaanse bodem weggegee. Die republikeinse gedagte onder die Afrikaners het dit egter nie uitgewis nie. Namate meer seggenskap in landsake, self-



*GENL. J. B. M. HERTZOG*

regering en selfs 'n verenigde Suid-Afrika verkry is, het dit tog weer na vore gekom, hoewel daar weinig oor 'n republiek gepraat is.

Die Rebellie van 1914-15 was in wese 'n beweging wat die herstel van republikeinse onafhanklikheid nagestreef het. In 1917 het die Nasionale Party in sy program die bestaan van 'n republikeinse strewe erken. In



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

1919 is selfs 'n deputasie na die Vredeskonferensie te Versailles gestuur om die herstel van die twee Boererepublieke te versoek.

Toe die Nasionale Party van generaal Hertzog in 1924 aan bewind kom, het baie dit gesien as 'n mylpaal op die weg van 'n onafhanklike Suid-Afrikaanse Republiek. Tog is die strewe na 'n republiek ook binne die partygeledere op die agtergrond gehou weens die Pakt-ooreenkoms met die Arbeidersparty van kolonel Creswell. Ook het die geslaagde onderhandelings wat generaal Hertzog gevoer het om die selfstandigheid van



*DR. D. F. MALAN*

die Unie binne die Britse Gemenebes te bevorder — Balfourverklaring, Statuut van Westminster ens. — meegebring dat Hertzog self en baie ander die republikeinse strewe as oorbodig geag het.

Baie nasionaliste is hiermee egter nie tevrede gestel nie. Leiers soos dr. Malan, adv. Strijdom en adv. Swart het steeds die republikeinse beginsel voor oë gehou. In 1930 kom die Republikeinse Bond binne die Nasionale Party tot stand. Toe Hertzog en Smuts vroeg in die jare dertig 'n samesmelting bewerkstellig, was dit veral die republikeinse kern van die Nasionale Party wat van Hertzog weggebreek het. Die Herenigde Nasionale Party, wat in 1936 onder leiding van Malan tot stand kom, het die republikeinse ideaal in sy program van beginsels opgeneem. Met die verwarring wat die Tweede Wêreldoorlog in Suid-Afrika veroorsaak het, het die republikeinse ideaal eerder sterker as swakker geword.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Na die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, is die republikeinse strewe stelselmatig benader. Op die Statebondskonferensie van 1949 is op aandrang van dr. Malan besluit dat 'n republiek binne die



*ADV. J. G. STRYDOM*

Statebond kan bestaan. Adv. Strijdom het gedurende sy bewind, 1954-58, met positiewe wetgewing die weg tot 'n republiek voorberei — vlag en volkslied. Dr. Verwoerd het die deurslag gegee.

Op 5 Oktober 1960 het die volk by wyse van 'n referendum sy beslissing ten gunste van 'n republiek gegee. Op 31 Mei 1961, nege-en-vyftig jaar na Vereeniging en een-en-vyftig jaar na Uniewording, het Kerkplein, Pretoria, weer eens 'n President begroet; hierdie keer nie net vir Transvaal nie, maar vir die hele Suid-Afrika. In gietende reën het duisende onder sambrele en toegewikkel in reënjasse gewag op die verskyning van die eerste Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, Charles Robberts Swart. In die middel van Kerkplein het die standbeeld van Paul Kruger swygend die verrigtinge aanskou.

Vyf jaar het sedertdien verbygegaan. Dit is miskien te vlakby om 'n geskiedenis van die vyf jaar te probeer skets. Wel kan gesê word dat die Republiek van Suid-Afrika in die vyf jaar sy bestaan geregverdig het, reeds in status toegeneem het en met 'n ope gemoed die toekoms kan binnegaan.

PROF. DR. F. J. DU T. SPIES

DR. M. C. VAN ZYL



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



H. F. Verwoerd



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# *„PRESIDENTE" VOOR* 1854

A. H. POTGIETER
A. W. J. PRETORIUS



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# KOMMANDANT-GENERAAL
# A. H. POTGIETER

(19 Desember 1792 – 16 Desember 1852)



*KOMDT.-GENL. A. H. POTGIETER.*
*'n Tekening deur Victor Ivanoff.*




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ANDRIES HENDRIK POTGIETER, seun van Hermanus Potgieter en Petronella Krugel, en afkomstig van Tarka in die distrik Colesberg, was een van die eerste Voortrekkerleiers wat met 'n groep van ongeveer 200 volgelinge, waaronder die jong Paul Kruger, die Kaapkolonie verlaat het.

In die latere Vrystaat ruil Potgieter grond tussen die Vet- en die Vaalrivier van die Bataung-opperhoof Makwana. Op 16 Oktober 1836 verslaan hy en sy handjievol burgers die oormag van Silkaats by Vegkop, waarna hy as leier optree van 'n tweetal strafekspedisies teen die Matabeles. Tydelik verskyn hy in Natal, het 'n aandeel in die mislukte Italeni-veldtog, en kort daarna, in 1838, stig hy die eerste Oorvaalse dorp en latere eerste hoofstad van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Potchefstroom. Hier word Potgieter ook leier van die Republikeinse staatjie Winburg-Potchefstroom. In 1845 verskuif hy die hoofsetel na Ohrigstad ten einde verder weg te beweeg van Britse invloed en nader aan die Portugese hawens te kom. Potgieter bots egter met die Natalse Volksraadsparty en trek drie jaar later na Zoutpansberg, waar hy nogeens leier van 'n geslote republikeinse gemeenskap word. Nadat nouere aaneensluiting binne die Transvaal bewerkstellig is, word Potgieter ook Kommandant-generaal vir Zoutpansberg vroeg in 1851.

Potgieter was 'n groot, forsgeboude man met 'n sterk individualistiese persoonlikheid en 'n rustelose soeker na vryheid en onafhanklikheid. Kragtige leiersfiguur soos hy was, het hy nie altyd daarin geslaag om met sy mede-Voortrekkers saam te werk nie. So bots hy byvoorbeeld met Andries Pretorius en word dit al moeiliker om die eenheidsband in Transvaal te bewaar. Eers in Maart 1852 het hierdie twee leiers op Rustenburg oor 'n geopende Bybel tot versoening gekom. Kort daarna het Potgieter, wat as die grondlegger van die republikeinse strewe in Transvaal bestempel kan word, gesterf. Hy is begrawe op die dorp Zoutpansberg, die latere Schoemansdal.

— JAN PLOEGER.


# *KOMMANDANT-GENERAAL A. W. J. PRETORIUS*

(27 November 1798 – 23 Julie 1853)

ANDRIES WILHELMUS JACOBUS PRETORIUS is 'n Graaff-Reinetter van geboorte. Op 8 November 1818 trou hy met Christina de Wit en agt kinders, waarvan die oudste die eerste Staatspresident van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Komdt.-genl. A. W. J. Pretorius. 'n Tekening wat in Maart 1839 deur luit. J. A. Harding gemaak is.*



die Zuid-Afrikaansche Republiek was, word uit die huwelik gebore. Na die afsterwe van sy eerste vrou trou hy in 1848 met Petronella de Lange, het drie kinders uit hierdie huwelik waarvan twee oorlede is nog voor Pretorius se dood in 1853.

Andries Pretorius het op Pretoriuskloof, later Letskraal naby Graaff-Reinett, geboer. In 1835 lei hy 800 man op kommando in die Sesde Grens-oorlog. In Oktober 1837 besoek hy die Voortrekkers en in September 1838 verlaat hy en 'n geselskap Trekkers die Kolonie. Hy word in die laer te Klein-Tugela tot Kommandant-generaal gekies en lei in November 1838 'n kommando van 470 man, 64 waens, 500 perde en 900 trekossee na Zoeloeland. Hy is 'n gebore leier — militêr, politiek en administratief —



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

en op 16 Desember 1838 behaal hy 'n groot oorwinning by Bloedrivier, wat Natal oopstel vir die Blankes, die Groot Trek as onderneming red, en die nageslag deur 'n gelofte bind om 16 Desember te herdenk. Later onderhandel Pretorius met Zoeloe-afgesante oor vrede, maar in Januarie 1840 lei hy weer 'n kommando van 350 man teen Dingaan en met behulp van Panda word Dingaan verpletterend by die Makonkokoppe verslaan, waarop Pretorius Panda tot koning van die Zoeloes gekroon het. Daarmee het die Zoeloes Boerevriende geword.

Pretorius boer nou op Welverdiend en besit nog ses plase in Natal. Hy word nie-amptelike leier van die Natalse Voortrekkers en woon die Volksraadsittings *ex officio* as Kommandant-generaal by. In Oktober 1840 versoen hy Potgieter met die Natalse Trekkers en bewerk 'n verenigde Voortrekkerrepubliek. As Voortrekkerleier tree hy feitlik as „Staatshoof" na buite op (hoewel so 'n amp of dié van Staatspresident nie bestaan het nie). Hy protesteer teen die Britse besetting van Port Natal, organiseer 'n kommando en omsingel kaptein Smith na die Slag van Congella in Mei 1842. Deur 'n oormag word Smith in Junie ontset. Die Volksraad onderwerp hom op 15 Julie en hoewel talle Trekkers (ook uit die trans-Drakensberge) in Augustus 1842 opdaag om anneksasie te verhoed, beywer Pretorius hom vir vrede. Natal het 'n Britse kolonie geword en Pretorius bly as Britse onderdaan in Natal agter, hoewel die meeste Trekkers dié gebied verlaat het. Hy tree weer eens op as kampvegter vir sy mense teen die Britse nieblanke beleid in Natal en in 1847 word 'n onderhoud deur sir Henry Pottinger hom op Grahamstad geweier, waarna hy 'n Trek uit Natal na Transvaal lei. Hy probeer 'n oorlog teen die Britte in Suid-Afrika organiseer, maar sy planne misluk. Pretorius gaan woon in die Magaliesbergse omgewing, maar lei spoedig 'n kommando na die Oranjerivier om te protesteer teen die anneksasie van die Voortrekkergebied suid van die Vaalrivier. Na verset en 'n nederlaag te Boomplaats in Augustus 1848 word hy voëlvry verklaar en die Oranjerivier-Soewereiniteit bly Brits.

In Transvaal word Pretorius 'n politieke leier en in 1849 bewerk hy die *Verenigde Bond* by Derdepoort, waardeur eenheid kom tussen die drie regionaal-politieke groepe. In 1850 word hy Kommandant-generaal oor 'n gedeelte van Transvaal. Hy word weer die nie-amptelike leier wat na buite optree.

Pretorius maak in 1851 gebruik van die verleentheid waarin Brits-Suid-Afrika t.o.v. die Xhosas, die Basoeto's en die Zoeloes verkeer het en dwing die Britte om in 1852 die Sandrivierse Konvensie tot stand te bring waardeur die Voortrekkers ten noorde van die Vaalrivier deur Brittanje as onafhanklik erken word. Daarmee was 'n ideaal van die Groot Trek verwesenlik. Sy ideaal was om ook die Oranjerivier-Soewereiniteit onafhanklik te maak en by die Transvaal in te skakel sodat 'n groot Boererepubliek noord van die Oranjerivier kon ontstaan. Nadat hy die westelike



Digitised by the University of Pretoria, Library Services